

# Kraaie en roofvoëls



Vier kraaispesies kom in suidelike Afrika voor: Witborskraai *Corvus albus*, swartkraai *Corvus capensis*, withalskraai *Corvus albicollis*, en die ingevoerde huiskraai *Corvus splendens*. Getalle van sommige van hierdie kraaispesies neem tans toe en dit lyk of hul verspreidingsgebiede in suidelike Afrika vergroot, veral in die droër dele van die streek. Kommer is uitgespreek oor die uitwerking van meer kraaie op vee- en gewasboerdery, voorsieningsmaatskappye en roofvoëls. Kraaie is oor die algemeen baie suksesvolle voëls - hulle eet 'n verskeidenheid kosse, is verdraagsaam teenoor mense, word gewoonlik nie negatief deur veranderinge in grondgebruik beïnvloed nie en sal waarskynlik een van die voëlgroepe wees wat die minste deur klimaatsverandering geraak sal word.

## 'n Groter kraaipopulasie is nie noodwendig wenslik nie, want:

- Kraaie voed soms op kleinvee, veral klein lammers.
- Kraaie mag skade veroorsaak aan landbougewasse soos mielies en grondbone.
- Sommige natuurbewaarders is bekommerd dat toenemende kraaigetalle 'n negatiewe uitwerking op roofvoëlpopulasies mag hê. Hulle kompeteer vir dieselfde kos, mag neste oorneem of beroof en val soms arende, aasvoëls en ander roofvoëls aggressief aan.
- Kraaie is baie suksesvolle, opportunistiese roofdiere van skilpaaie en voëlneste. Daar is toenemende besorgdheid dat toenemende kraaigetalle wydverspreide afnames in die populasiegetalle van reptiele en klein voëltjies mag hê.
- Kraaie maak dikwels nes met stukke draad en as die neste op elektrisiteit- of telefoonpale gebou word, kan dit kortsluitings veroorsaak wat 'n groot probleem vir Eskom is!
- Witbors- en swartkraaie kan ook bydra tot die verspreiding van turksvye in die Nama Karoo.

## Moontlike redes vir die toename in getalle en verspreidingsgebiede is:

- 'n Groter verskeidenheid en meer voedsel, insluitend meer diere wat op paaie doodgery word, 'n toename in die beskikbaarheid van vrugte en saad van uitheemse plante (soos turksvye en kruipsoutbos), asook mielies, ander graangewasse en grondbone en 'n toename in die getalle en grootte van informele nedersettings met onvoldoende afvalverwyderingsdienste.
- Verminderde kompetisie met ander aasdiere aangesien die getalle van roofvoëls wat aas vreet en klein karnivore afgeneem het.

- Voorsiening van bykomende nes- en slaapplekke, insluitend mensgemaakte strukture soos windpompe, telefoonpale en kragmaste, tesame met die verspreiding van uitheemse bome (soos *Eucalyptus* spp, *Pinus* spp) in gebiede wat voorheen boomloos was.

## Die positiewe rol wat kraaie in die omgewing speel

- As aasvreters speel kraaie 'n belangrike ekologiese rol en die verwydering van karkasse help om die verspreiding van siektes te voorkom.
- Kraaie mag ook effektief wees om rotte en muise te beheer gedurende knaagdierplae.
- Die neste van kraaie word deur 'n verskeidenheid roofvoëls gebruik, insluitend Grootrooivalke en Edelvalke.
- Sommige aasvretende roofvoëls soos die Witruugaasvoël en Roofarend gebruik moontlik kraaie om kos op te spoor.
- Kraaie is belangrik vir koekoek en daar is bepaal dat tot 10% van die Swartkraaie en 13% van Witborskraaie se neste deur die Gevlekte Koekoek geparasiteer word.

## Bestuursmetodes

Dit is alombekend dat kraaie moeilik is om dood te maak en die meeste van die huidiglik beskikbare metodes om hulle getalle te beperk, is arbeidsintensief, duur en soos almal weet, onsuksesvol. Die verwydering of afbreek van neste sal moontlik slegs die nesaktiwiteit verplaas. Vergiftiging is onwettig en moet ten sterkste ontmoedig word, veral as dit moontlik tot gevolg kan hê dat nie-teikenspesies, insluitend skaars en bedreigde aasvretende roofvoëls per ongeluk vergiftig kan word.

'n Optimale, holistiese benadering tot die beheer van kraaie, behoort die volgende stappe in te sluit:

- Verminder die beskikbaarheid van kunsmatige voedselbronne (d.i. beter afvalbeheer- en verwydering in informele nedersettings, beter afvalbestuur by stortingssterreine en abattoirs, beheer van turksvye in die Karoo, beperk die beskikbaarheid van afval en bene by aasvoëlrestaurante (d.i. gebruik eerder heel karkasse).
- Beter bestuur en beskerming van kleinvee om verliese te beperk.
- Kraaineste op telefoonpale en kragmaste kan kleiner gemaak word of na 'n platform weg van die kruis-arm



verskuif word. Verwydering moedig eenvoudig die kraaie aan om nuwe neste te bou.

- Eiers en kuikens kan uit die nes verwyder en doodgemaak word, maar aangesien die kraaie weer gaan eiers lê, sal dit beter wees om die embryos in die eier dood te maak en die eiers terug te plaas in die nes.
- Toenemende bewusmaking, in beide landelike en stedelike gemeenskappe, oor die voordelige ekologiese rol wat kraaie speel, van die verskillende bestuursopsies wat beskikbaar is en van die potensiele gevolge van onselektiewe beheermetodes vir nie-teiken diere.

### Wetgewing

Swart- en Witborskraaie word in die meeste provinsies in Suid-Afrika nie beskerm nie. In die Noord-Kaap, byvoorbeeld, is dit daarom moontlik vir 'n grondeienaar om hulle reg deur die jaar te jag sonder 'n beperking op getalle. Die grondeienaar kan ook aan iemand toestemming gee om kraaie op sy/haar eiendom te jag. Die wapens wat gebruik mag word, sluit in .22 gewere en haelgewere, maar nie windbukse nie. Hulle mag gedurende die dag en nag gejag word. Hulle mag nie van 'n openbare pad of in 'n munisipale gebied gejag word nie. Dit is onwettig om gif te gebruik om kraaie dood te maak.

### Aanbevole navorsing en monitering

Baie navorsing en monitering is nodig, insluitend:

- Monitering van verandering in verspreiding en bevolkingsgetalle, moontlik deur padtellings.

- Monitering van die doeltreffendheid van die verskillende bestuursmetodes, insluitend 'n evaluasie van koste, effektiwiteit en bykomende ekologiese skade.
- Die bewegingspatrone van kraaie moet bepaal word, veral om gebiede van oorsprong en vermindering ("source and sink areas") te bepaal en moontlike seisoenaliteit in reaksie op die beskikbaarheid van kos.
- Daar is geleentheid vir 'n studie op die moontlike uitwerking van klimaatsverandering op kraaiverbreidings en -getalle.
- Spesifieke inligting word benodig rakende die uitwerking van kraaie op roofvoëls, insluitend predasie op kuikens en eiers, teistering van roofvoëls wat broei en die oornames van neste.

Teks deur Mark D. Anderson; vertaling deur Ronelle Visagie en Julius Koen; illustrasies deur Toni Pretorius; uitleg deur Africa4U



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506  
Webtuiste: [www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)

E-pos: [andreb@ewt.org.za](mailto:andreb@ewt.org.za) (André Botha) of [bopwg@ewt.org.za](mailto:bopwg@ewt.org.za) (Erika Belz)

Roofvoël brosjureprojek gekoördineer deur Mark D. Anderson

